

Toerisme Graad 10

Werkkaart Verskillende soorte toeriste kaarte

Memorandum


Bl. 82-84

1. Watter inligting gee 'n spesialiskaarte? (3)
 - **Klimaat**
 - **Die ligging van lughawens**
 - **Die ligging van spoorlyne**

2. Hoekom sal 'n toeris die soort kaart gebruik? (2)
 - **Om spesifieke inligting oor hulle bestemming te verkry.**
 - **Verskaf inligting oor ons spoorverbindinge en sal nuttig wees vir toeriste wat beplan om per trein te reis.**

3. As jy kyk na die kaarte met toeriste inligting, benoem die kenmerke wat als op die kaart gekry kan word. (8)
 - **Nasionale parke**
 - **Wêrelderfenisterreine**
 - **Instelings vir verblyf**
 - **Restaurant**
 - **Winkels**
 - **Natuurlike besienswaardighede**
 - **Mensgemaakte besienswaardighede**
 - **Kulturele besienswaardighede**

4. Kyk na die kaart hieronder. Benoem die SANParke wat genommer is van 1. Tot 10. (20)



1. Kgalagadi Oorgrenspark
2. Addo-Olifant Nasionale Park
3. Mapungubwe Nasionale Park
4. Marakele Nasionale Park
5. Tafelberg Nasionale Park
6. Mokala Nasionale Park
7. Augrabieswaterfal Nasionale Park
8. Golden Gate-Hoogland Nasionale Park
9. Bergzebra Nasionale Park
10. Agulhas Nasionale Park

5. Waarop fokus 'n kaart met attraksies? (6)

- **Spesifieke attraksies van 'n gebied.**
- **Nasionale park**
- **Wêrelderfenisgebied**
- **Staproete**
- **Wandelpad**
- **Kronkelpad**
- **Vermaaklikheidsplek**

6. Op watter toerusting kom elektroniese kaarte voor? (2)
- **Rekenaars**
 - **Selfone**
7. Waarvoor staan GPS? (2)
- **Globale Posisioneringstelsel**
8. Hoekom sal 'n toeris die GPS-eenheid gebruik? (2)
- **As 'n toeris onafhanklik per motor reis en kan aangevra word as 'n motor gehuur word, om rond te kan beweeg.**
9. Noem twee metodes wat jy kan insleutel op die GPS-eenheid om by die regte bestemming te kom? (2)
- **Adresse**
 - **Koördinate**
10. Gee die definisies van die volgende terme.
- 10.1 Data (2)
- **Inligting wat voorsien word.**
- 10.2 Satelliet (2)
- **'n Sateliet is 'n koordlose ontvanger/sender wat deur 'n vuurpyl gelanseer word en in 'n wentelbaan om die aarde geplaas word. Die sateliet stuur inligting na ontvangers op aarde.**
- 10.3 LCD (2)
- **'n Vloeikristalskerm is 'n dun, plat panel wat gebruik word om inligting elektronies te toon, soos karate, teks, beelde en bewegende beelde.**